# KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB VERSLAG

# ARANGIESKOP NAWEEKSTAP

# 18-19 OKTOBER 2025

Lees die volgende sin baie mooi om seker te maak jy verstaan dit: ***Die moeilikheidsgraad van 'n dag se stap op 'n staptoer in berge word onder andere bepaal deur die somtotaal van die aantal meters wat 'n mens bo seevlak styg vanaf die onderpunte van al die opdraandes tot by die bopunte van die opdraandes op die dag se stap, en omgekeerd met die daling op 'n dag se stap.*** Met die opdoen van ondervinding op verskillende staptoere leer 'n mens mettertyd wat hierdie sin beteken, en hoe 'n mens met die styging bo seevlak kan bepaal hoeveel jy gaan sweet en hoe moeg jou bene ná die dag se stap gaan wees. As jy byvoorbeeld weet jy gaan oor 'n afstand van ongeveer 10 km vanaf Dassieshoek-hut tot by die hut op Arangieskop ongeveer 1200m in hoogte bo seevlak styg en die volgende dag 200 m styg en 1400 daal oor sowat 12 km terug na die beginpunt, dan weet jy dit is 'n moeilike stap en dat jy bogemiddeld fiks en geestelik sterk moet wees en hare op jou tande moet hê, omdat jy baie gaan sweet en baie moeg gaan word. En dit raak erger met die ouderdom...

Nie een van ons het regtig ernstig aan dit alles gedink toe ons die Vrydagmiddag deur Robertson tot by die Dassieshoek-hut gery en na die berg gekyk het nie. Dit was maar net nog 'n lekker ding wat ons gaan doen, en natuurlik was almal, soos altyd, positief en opgewonde daaroor.



*VLNR: Cassie Coetzee, Kruge Roeloffze, Louisa du Buisson, Jolinda Viljoen, Anrie Esterhuizen, Colin Young, Frans Kalp. Foto: Danie Steyl*

Ons verblyf by Dassieshoek die Vrydagaand was redelik aanvaarbaar, en natuurlik het ons die aand lekker gebraai en gekuier (dankie Frans vir die innoverende wasbak- en badproppe wat jy van tinfoelie gemaak het!). Die volgende oggend het ons in bewolkte weer die staptog aangepak, soos op die foto hier bo gesien kan word. Die ietwat koeler weer het nogal taamlik gehelp dat ons vir die eerste deel van die stap nie oormatig warm sou kry nie.

Die eerste 1.5 km is op 'n grondpad tot teen die berg waar die voetpad begin. Van daar af kronkel die voetpad teen die berg op, en op, en op...





*Die voetpad kronkel links van die groot kloof aan die linkerkant van die foto teen die hange op.*

*Hoewel die proteas uitgeblom was, was daar nog heelwat ander blomme en mooi plante.*

'n Ent teen die berg op het ons die eerste leertjie gekry. Nou kyk, as 'n mens praat van 'n tou, 'n ketting of 'n leer in 'n berg, dan trek party ouens se kele toe, hulle oë dop om, hulle kry hoendervleis, die sweet slaan op hulle koppe uit en hulle kry allerhande soortgelyke ongemaklike emosionele aandoenings. Nadat almal die stewige 2 m ysterleertjie oorleef het, het ons 'n heerlike waterstroompie met helder skoon bergwater gekry waar ons ons dik kon drink aan die water en ons water kon aanvul. Toe is dit verder berg-op.

Hoog in die berg is daar pragtige tonele van die berg en die uitsig oor die Robertson-vallei daar baie ver onder. Dit is eerlikwaar 'n indrukwekkende en mooi stap, wat opmaak vir die moegheid.





*Pragtige tonele en uitsigte bo in die berg.*

Die Arangieskop-hut, wat behoort aan die boer op wie se grond dit aan die noordekant van Arangieskop is, is baie netjies en het nogal karakter, heelwat slaapplek en lekker matrasse. Ons het lekker gebly daar, en almal kon heerlik in die warm water van die donkie stort. Party het gebraai, en ander het ander lekker etes gemaak.





Die Sondagoggend het 'n mistige berg ons begroet en het ons besluit om eers 08:30 te begin stap om te kyk of die mis nie bietjie wil lig nie – wat toe wel gebeur het. So het ons toe die 200 m bo seevlak verder gestyg tot by die baken bo-op Arangieskop, vanwaar ons oor 'n laag wolke kon uitkyk.



*By die baken op Arangieskop*



*Kruge en Cassie, ons toerleier*

Van die berg af het ons in 'n lang kloof afgegaan met 'n voetpaadjie wat onder in die kloof heelwat toegegroei was, uit die kloof uit en toe met kontoerpaadjies om die berg en deur nog twee klowe tot waar die voetpad na benede gekronkel het. Hierdie 1400 m daling bo seevlak van bo-op die berg tot by Dassieshoek sou vir etlike dae ná die stap nog in ons erge stywe en seer bene gevoel word!





*Af met die kloof, kontoer om die berg en dan af tot doer onder by die dam.*

Om hierdie stap in 'n paar woorde op te som: hard, maar mooi en lekker. Sulke lekker ervarings in 'n mooi omgewing herinner 'n mens telkens aan die volgende woorde wat op ons program staan:

> *Climb the mountains to get their good tidings. Nature's peace will flow into you as sunshine flows into trees. The winds will blow their freshness into you and the showers their energy, while cares will drop off like autumn leaves – John Muir*

Baie dankie vir al jou reëlings en leiding, Cassie, ons almal waardeer dit!

Tot volgende keer...

**- Danie Steyl**